

16 Junie - JONK

Skrifgedeelte: Prediker 11:7 – 12:8 (NAV)

Fokusgedeelte: Prediker 11:9-12 (NAV)

Die Prediker herinner ons daaraan dat die jeug die lente van 'n mens se lewe is. Juis daarom moet jongmense hulle nie voorneem om die HERE te soek eers as hulle oud geword het nie! Onthou: die boom wat nie in die lente gebloei het nie, dra nie vrug in die somer nie! Dien die Here nou reeds met al jou gawes en talente, tot sy eer!

Onthou, herinner die Prediker sy lesers, die lewe is soos 'n goue olie-kruik wat aan 'n silwerdraad hang. As die dood kom, word die silwerdraad van jou lewensjare afgeknip. Dan breek die goue kruik van jou lewe stukkend en die kosbare lewensolie vloei weg!

En dan? Dan, sê die Prediker, sal God rekenskap van ons hele lewe – ja, ook van ons jong lewe – eis.

Daarom, dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid. Bely God as jou Skepper en wees aan Hom gehoorsaam! As ons dit doen, dan word God méér as Skepper vir ons. Dan word Hy ons Vader deur ons HERE Jesus Christus!

Jesus Christus, die Seun van God, was ook 'n jongmens, wat sy Vader volkome gedien en gehoorsaam het. Hy het reeds op 12-jarige ouderdom vir sy ouers gesê: *“Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?”* (Luk 2:49). Vir ons sondes – of ons jonk en of ons oud is – het Hy die vloek van God gedra.

Daar aan die kruis is die goue kruik van sy liggaam deur die dood gebreek! Daar aan die kruis het die waterkruik van sy lewe stukkend in die put van die dood geval!

Sing: Psalm 119:3 (2001-omdigting)

Dr De W Saaiman (Durban-Noord)